

## Woensdag 2 Januarie

**Skrifgedeelte: Psalm 2:1-12**

**Fokusgedeelte: Psalm 2:12**

### **Kies om die Christus te soen, omhels!**

Psalm 2 is die tweede inleidende Psalm tot die bundel van 150 lofliedere. Beide Psalm 1 en 2 sê: Kies! Psalm 1: Kies die God-same lewenspad; en Psalm 2: Kies om Christus te omhels!

Daar is mos verskillende soorte soene waarmee jy jou vrou soen, nie waar nie?

- 'n "Hallo"-piksoentjie.
- 'n "Wegblaas"-liefdessoentjie wat oor 'n afstand aangesweef kom.
- 'n "Goeienaand-ek-is-bly-om-jou-te-sien!"-soentjie.
- En dan 'n intieme, omhelsende liefdessoen.

Met watter soort soen moet ons Christus soen?

Psalm 2 gee 'n opsomming van die wêreldgeskiedenis. Al vóór die skepping van die mens het Satan téén God gekies en probeer om alle mense óók teen God te laat kies. Vers 1-3 vra: Waarom is die volke rusteloos en maak hulle nuttelose planne? Hulle hou saam raad en span saam téén die HERE. Hulle kies téén sy Gesalfde (Christus). Hulle wil bande breek.

Ook in die Nuwe Testament word Psalm 2 toegepas in byvoorbeeld Handeling 4:25-28. Petrus en Johannes word deur die Joodse Raad gevange geneem. En dan sing die gemeente ná hulle vrylating: "Waarlik, Herodes en Pilatus het saam met die heidene en die volk Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het!"

In Psalm 2 antwoord God op hierdie gedrag van die God-loses deur te lag. Hy sê dat Hý steeds regeer. In Matteus 28 sê die Gesalfde: Aan My is gegee alle mag! So, konings en Satan – al julle planne is tevergeef! "Wees dan nou verstandig ... laat julle waarsku", mense! Dien die HERE! Kus liewer die Seun!" (Ps. 2:11, 12). Dit is dieselfde bevel wat God op die berg van verheerliking gee: "Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!" (Mark. 9:7).

Dit is wat Psalm 2:12 ook bedoel: Luister na, onderwerp julle aan die Seun se lering, aanvaar sy evangelie, sy versoening wat Hy bewerk het! Kus, soen ... nee: Omhels dit! Word één daarmee soos met 'n innige soen. Omring jou daarmee! Psalm 2:12 sluit af met: Skuil, kruip weg in God se liefdevolle, beskermende en versoenende omhelsing in Christus!

*Sing: Psalm 116-1:1, 4, 5*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*